**Publication:** Landbouweekblad
**Title:** Minder geplant, maar'bytvas'
**AVE:** 47775.5
**Page:** 56
**Publish Date:** 12 January 2023
**Author:** Unspecified



# Minder geplant, maar 'byt vas'

Produksiekoste kan in 2023 verder die hoogte inskiet, maar deur goeie beplanning kan groenteboere tog winsgewend wees.

Die varsproduktemark het 'n stormagtige tyd agter die rug en produsente gaan in die nuwe jaar veranderlikes beter moet bestuur om winsgewend te bly.

Die ongeëwenaarde prysstygings vir brandstof, verpakking, chemiese en bemestingsprodukte, en ander koste, soos arbeid en rentekoerse, noodsaak produsente om nou nóg beter te beplan voordat daar geplant word.

Die inflasieknyptang gaan boonop binnekort sy invloed op die produksie van vars produkte begin wys.

Mnr. Deon van Zyl, handelshoof van Grow Fresh Produce Agents, verwag dat daar in 2023 oor die hele spektrum van groente, veral aartappels, uie en tamaties, 'n afname in lewerings kan wees wat vars produkte duurder vir die verbruiker gaan maak.

**INFLASIE IN DIE ROOI.** 'n Afname in die lewering van die vernaamste groente – ook tamaties – word vanjaar voorsien. Dit gaan tot duurder produkte vir die verbruiker lei. FOTO: AMELIA GENIS

"Die huidige situasie word verder gekompliseer deur die onstuimige weerstoestande. Vir markagente gaan dit 'n baie belangrike jaar wees waarin ons hard met die owerhede sal moet praat en saamwerk om ons varsproduktemarkte op te knap en weer op standaard te kry om voedselsekerheid en doeltreffende prysbepaling te verseker."

Boonop lyk dit of die druk op produsente in die nabye toekoms nie gou gaan verminder nie.

Mnr. Jano Bezuidenhout van Aartappels SA sê die oorlog tussen Rusland en Oekraïne sal vanjaar steeds 'n impak op die beskikbaarheid van sleutelinsette hê.

Die huidige politieke onsekerheid, wat ook die wisselkoers raak, maak dinge ook nie makliker nie.

"Die toenemende koste van hulpbronne plaas groot druk op die winsgewendheid van produsente. Dit noodsaak die optimale gebruik van kunsmis, asook die gebruik van verkennings- en siektemodellering om gewasbeskermingsprodukte doeltreffend toe te dien en só risiko te verminder."

## VOLLE HERSTEL WAG NOG

Mnr. Willie Jacobs, uitvoerende hoof van Aartappels SA, voorsien dat meer produsente weens die stewige insetkoste hul hand aan ander produkte gaan waag.

"Huidige groenteboere oorweeg dit om eerder op 'n kleiner skaal aan te plant. Dit gaan die gehalte van produkte verhoog met minder verliese vir die produsent, maar weens die laer volumes kan dit ook tot hoër pryse lei."

Die verminderde aanplantings behoort groter winsgewendheid mee te bring vir kapitaalsterk boere wat in die mark bly.

Tog kan dit die bedryf in die huidige omstandighede meer as twee jaar kos om ten volle te herstel, meen Jacobs.


The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.

**Publication:** Landbouweekblad
**Title:** Minder geplant, maar'bytvas'
**AVE:** 47775.5
**Page:** 56
**Publish Date:** 12 January 2023
**Author:** Unspecified

"Die impak van die huidige insetkoste word verhoog deur die gebrek aan finansiering wat vir produsente beskikbaar is. Dit kan slegs omgedraai word deur 'n styging in produkpryse en laer insetkoste."

Mnr. CT van der Merwe, uitvoerende hoof van AL3 in Limpopo en voorsitter van die noordelike uiekomitee, verwag dat groenteboere in die komende jaar minder vars produkte sal wil plant en eerder graanaanplantings – en ander gewasse met minder risiko – gaan oorweeg.

## OORLEWINGSTRYD

Dit is geen geheim dat al die kommoditeite verlede jaar onder erge druk was nie. Volgens Van der Merwe was die pryse wat hulle gekry het, die slegste die afgelope tien jaar. Die uieprys was die enigste kommoditeit wat vir AL3 goed gevaar het.

"Die rede daarvoor is die min aanplantings in die noordelike streke. Limpopo en Noordwes het veral 'n moeilike jaar gehad, en aartappels het reg deur die jaar baie swak gevaar.

"Hoewel die volumes van aartappels deur die seisoen hoog was, was dit nie nodig dat die prys só laag daal nie. Die koopkrag het 'n groot impak op die varsproduktemark gehad. Almal kan die stygende koste voel en dit plaas meer druk op produsente."

Van Zyl sê aartappels was die tweede helfte van 2022 oorvoorsien, met pryse wat selfs laer as die produksiekoste was. Gevolglik het produsente groot finansiële verliese gely. Die goeie reën en warm temperature het tot bederf gelei en het veroorsaak dat volumes teen November en Desember begin daal en pryse laat normaliseer het.


"Daarteenoor was uie vir die grootste deel van die jaar ondervoorsien en ons het rekord-uiepryse op die mark ervaar. Pryse het teen Desember effens afwaarts beweeg, maar dit was steeds hoër as ander normale jare."

Volgens Van Zyl was die prys van tamaties aan die begin van die jaar hoog. Vlakke het later gedaal, met enkele hoogtepunte wat in Augustus gesien is.

"Groente het in die algemeen goed gevaar met enkele uitskietpryse vir produkte soos pampoene en skorsies gedurende die wintermaande. Daar is tans goeie voorsiening vir bykans alle produkte teen relatief lae pryse."



Mnr. Deon van Zyl



Mnr. CT van der Merwe

Wortelprodusente het egter die afgelope drie jaar swaargekry met lae pryse as gevolg van die hoë volumes.

"Vrugtepryse was onder druk in 2022, met veral sitrus en avokado's wat 'n hoë aanbod gehad het."

Bezuidenhout sê Aartappels SA het siklusse van ooraanbod op die varsproduktemarkte aangeteken waar gemiddeld 1 miljoen sakke daagliks op die mark beskikbaar was. "Deur die jare het Suid-Afrikaanse produksie by die groeiende behoefte aangepas. As daar na die afgelope drie dekades gekyk word, het die jaarlikse produksie verdubbel van 1,3 miljoen ton aartappels tot 2,6 miljoen ton. Terselfdertyd het die oppervlakte waarop aartappels geproduseer word, verminder van 62 000 ha in 1990 tot die huidige 52 355 ha. Gevolglik het opbrengste van 20 t/ha tot 50 t/ha toegeneem. Dit maak Suid-Afrika een van die doeltreffendste aartappelproduksielande ter wêreld."

## STERK KOOPKRAG DUUR VOORT

Van Zyl meen die koopkrag in die vryemarkstelsel sal in die komende jaar sterk bly. Die informele sektor bly 'n groeiende faktor en speel ook 'n groter rol op varsproduktemarkte.

"Oor die jare het ons gesien dat wanneer die ekonomie onder druk is en rentekoerse verhoog, ons 'n opwaartse neiging op die markte ervaar omdat verbruikers wil seker maak hulle kry die beste waarde vir hul rand.

"Suid-Afrika is in die bevoorregte posisie om lewendige varsproduktemarkte te hê wat die pryse op grond van aanbod en vraag bepaal. Dus kan die verbruiker seker wees die prys wat hy betaal, strook met die beskikbaarheid van produkte."

Jacobs waarsku boere om in die komende jaar geen radikale veranderinge aan hul langtermynplanne te maak nie. Hulle moet dit oorweeg om op minder hektaar te plant en op beter gehalte te konsentreer. "Hou by 'n streng begroting en hou jou uitgawes so laag moontlik."

Van Zyl sê produsente moet waak teen die versoeking om meer te plant vir die volgende seisoen. "Spaar die winste vir die maer jare. Maak seker dat jy jou produk doeltreffend en verantwoordelik bemark. Raadpleeg jou markagent en agente wat kennis van die bedryf het, want dit kan jou vorentoe geld bespaar. Raak ontslae van die klein jakkalsies wat die oes verniel, en maak seker dat jou boerdery volhoubaar is."

Van der Merwe is optimisties oor die nuwe jaar. Die markte sal beslis weer draai, meen hy.

"As 'n mens na die geskiedenis van die afgelope dertig jaar kyk, sien jy die ekonomie draai tog. Ons moet net vasbyt. Diegene wat die langste vasbyt, sal uiteindelik wen." **LBW**

www.marketiq.co.za | Tel: 011 884 7847 | enquiries@marketiq.co.za
The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.